



Stadige beheer sisteem – Dalk 'n waarskuwingsteken!

Oktober 2019

Die proses temperatuur klim verby die set punt tot bokant die normale bedryf limiete. Daar is genoeg verkoelings kapasiteit maar die beheer stelsel is stadig om die proses terug te bring na die set punt. Uiteindelik reageer die beheer sisteem en die temperatuur herstel.

Was dit normaal? Dit behoort nie te wees nie! Beheerstelsels wat goed ontwerp is, reg ingestel is, en waar instandhouding reg is, sal egalig reageer en die proses beheer met klein veranderinge in beheer klep opening, of dit nou verkoelingswater of produk vloei is.

Hoekom het dit gebeur? Wat beteken dit? Moontlike oorsake is dalk:



- Dalk sit die beheer klep vas, byvoorbeeld as gevolg van korrosie of soliede materiaal wat uitsak of taai is.
- Die druklug toevoer na die beheer klep kan geblok wees. Die sensor kan foutief of geblok wees.
- Die beheer lus se instelling kan verkeerd wees vir die spesifieke proses en moet her-ingestel word.

Het jy geweet?

- Klein beheer probleme lei dalk slegs tot kwaliteits probleme, maar dit kan 'n aanduiding wees van 'n sisteem wat begin faal.
- **Enige** komponent van die beheer lus kan faal – die sensor, die programmerings logika of die beheer klep. **Al drie** moet geïnspekteer word.
- 'n Beheer sisteem probleem is selde 'n ewekansige probleem. Hoewel dit kan weggaan, kan dit weer later terugkom met groter impak. *Ongereelde ewekansige gebeurtenisse mag nooit veroorsaak dat die proses buite die bedryfslimiete werk nie.*

Wat kan jy doen?

- As sisteme nie reageer soos verwag nie, vra ander of hulle dit al gesien het. Indien wel kan dit 'n probleem wees wat herhaal.
- Sit 'n nota in die logboek. Dit sal ander waarsku om dit dop te hou.
- Daar mag 'n eenvoudige rede wees waarom 'n klep nie reageer soos dit moet nie. Ondersoek noukeurig vir moontlike oorsake soos byvoorbeeld, lekkende luglyn, of 'n verkoelings probleem.
- As dit nie werk nie, sit 'n werks-versoek in dat die sisteem nagegaan word. Enige komponent van die beheer lus kan foutief wees, nie net die beheer klep nie.

Beheer sisteem probleme is waarskuwings – neem aksie voordat daar groot fout kom!

©AIChE 2019. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiiche.org or 646-495-1371.